# RPO Markverslag


## Week 35 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | **R37.33** | -3.2% | 2.7% | 18.7% |
| A2 (R/kg) | **R74.69** | 3.3% | -1.3% | 36.1% |
| B2 (R/kg) | **R60.33** | 2.1% | 2.8% | 32.7% |
| C2 (R/kg) | **R59.94** | 4.1% | 1.9% | 37.8% |

## Speenkalwers

Die prys het in Week 35 skerp gedaal met 3.2% teenoor die vorige week en is tans 18.7% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die skerp daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n swakker vraag na speenkalwers. Die verwagting bly steeds dat die prys 'n moontlike stygende tendens kan volhou in September en 'n piek in Oktober bereik. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Oktober rondom R39/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R34/kg en nie hoër as R44/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 35 skerp gestyg met 3.3% teenoor die vorige week en is tans 36.1% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die skerp styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue laer aanbod op karkasse in die mark. Die verwagting is dat die prys 'n stygende tendens kan volhou in September en in Oktober. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Oktober rondom 72/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R65/kg en nie hoër as R80/kg behoort te wees nie.

RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*


RPO

# RPO Markverslag

## Week 35 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R50.50 | -0.5% | 0.2% | 28.1% |
| A2 (R/kg) | R109.84 | 0.7% | 3.6% | 21.2% |
| B2 (R/kg) | R86.63 | -1.1% | 10.7% | 32.5% |
| C2 (R/kg) | R83.25 | 0.5% | 6.3% | 38.2% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 35 met 0.5% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 28.1% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n hoër aanbod van lammers in die mark. Die verwagting is dat die prys stelselmatig kan daal tot in Desember soos die aanbod op lammers styg. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Oktober rondom R50/kg te wees en nie laer as R45/kg en nie hoër as R54/kg nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 35 met 0.7% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 21.2% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue lae aanbod op lamkarkasse tans in die mark. Die verwagting is steeds dat die prys ‘n draaipunt in September kan bereik en stelselmatig kan daal tot in Oktober. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Oktober ongeveer R106/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R95/kg en nie hoër as R118/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO